HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

9 Maart 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, kom maak asseblief kennis na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal (by die hoofingang).









Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin Gemeentebediening

Program vir die week

Maandag: 10 Maart
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 12 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 14 Maart
05:15 Mannebediening

Saterdag, 15 Maart
10:00 Dorings & Daisies

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Erediensbediening

Hier beleef Hoogland tans 'n tekort aan hande.
Hoogland se Erediensbediening is 'n groep vrywilligers wat weekliks, op 'n roterende basis, help by verskillende fasette van die erediens, bv die opneem van dankoffers, die bediening van koffie na die diens, hulp met nagmaal bediening asook die hartlike verwelkoming by die deure as u instap.
Indien u graag wil aanmeld om iewers die Hoogland familie op een van hierdie maniere (dankoffers/koffie skink/ens) te dien, gesels gerus met Leandra in die kerkkantoor.
Die personeel onderneem om jou as nuweling mooi op te lei en deel te maak van die spesifieke span waarby jy wil inskakel.

Hoogland dink met leedwese aan die kinders, familie & vriende van Tannie Makkie Snetler wat skielik die afgelope week oorlede is. Haar troosdiens is Maandag, 10 Maart om 11:00 vanuit Hoogland Gemeente.

Uit die hart...

Ons tema vir hierdie Lydenstyd is "*God aan die Beweeg.*" Lydenstyd is 'n seisoen van inkeer, groei en bewuswording van God se teenwoordigheid in ons lewens. Dit herinner ons daaraan dat ons nie alleen op hierdie reis is nie – *God is aan die beweeg!*

Van Genesis tot Openbaring sien ons hoe Hy beweeg in mense se lewens, in die geskiedenis en in ons alledaagse bestaan. Soms sien ons dit duidelik en ander kere voel dit of Hy stil is. Maar die waarheid bly staan: *God is besig!*

Hy is nie afwesig of ver nie. Hy is 'n lewende, bewegende God wat aktief in ons wêreld, ons lewens en ons harte werk. Selfs wanneer ons Hom nie sien of verstaan nie, beweeg Hy.

So dikwels beleef ons ook ons eie "woestyntye" – tye van onsekerheid, uitdagings en geloofstoetse. Maar selfs in die woestyn is God aan die beweeg. Hy los ons nie alleen nie. Hy lei ons, Hy vorm ons, en Hy herinner ons aan die waarheid van sy Woord.

Lydenstyd is 'n uitnodiging om ons eie "woestyn-oomblikke" in 'n nuwe lig te sien.

> Waar is God tans in jou woestyn aan die beweeg?
> Hoe roep Hy jou om in hierdie tyd nader aan Hom te kom?

Dalk beleef jy tans jou eie woestyn – 'n tyd van onsekerheid, droogte of versoeking. Die goeie nuus is: *God is aan die beweeg, selfs in die woestyn*. Hy was daar met Jesus, en Hy is hier met jou.

Mag hierdie Lydenstyd ons bewus maak van hoe God in ons lewens beweeg, selfs in die woestyn. Hoe Hy ons voorberei, versterk en vorm vir die pad vorentoe. Selfs in die droë tye is Hy teenwoordig. Mag ons leer om te vertrou dat, al voel ons soms alleen of versoek, ons nooit sonder God is nie. Hy beweeg – selfs in die stil, droë plekke van ons lewens.

Groete … ds Sunell

FIETSTRAP NA...

ZITHULELE GEMEENTE

Jy is baie welkom...

Kom luister & kuier saam

Kom luister saam na die stories & getuienisse van **Ds Wynand Breytenbach** (van Durbanville gemeente).

Hy trap fiets na **Zithulele gemeente**, in die voormalige Transkei area.

INLIGTINGS- & GETUIENISAAND

Maandag, 24 Maart
om 18:00
@ PE-Hoogland Gemeente
Isobellaan 1, Charlo

Wil jy kom saam trap?

Enige fietsryers wat dalk 'n ent saam met Ds Wynand wil ry:
Maandagoggend, 24 Maart vanaf Knysna oppad na Hoogland **OF Dinsdagoggend, 25 Maart** vertrek vanaf Hoogland na Port Alfred om 07:00
WhatsApp asseblief FIETSTRAP & jou naam na 079 815 9325 vir verdere reëlings.

RSVP na 079 815 9325 - WhatsApp jou naam en hoeveel mense saam kom luister.

Hoogland bied vanaf 15 April 'n *Divorce Care* kursus aan. Indien jy al hierdie seer pad van egskeiding gestap het en daar nog vrae in jou hart is kom gesels saam met ander met dieselfde worstelinge en vrae. Hierdie kursus is ook vir NIE-Hooglanders so as jy weet van iemand wat die pad van egskeiding gestap het — stuur gerus die "advertensie" vir hom / haar aan.

Bespreek by Leandra in die kerkkantoor
as jy wil kom saam kamp! Tyd word nou min!!!

GEMEENTEKAMP 2025

21 - 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325
... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp